

Voorbereiding van PRESTASIEVERSE vir lewenslange produksie

- Dr Francois van de Vyver
Nasionale Tegniese Bestuurder, Herkouers, Nutri Feeds



Die voorbereiding van verse om lewenslange produksie te lewer is 'n onderwerp met baie fasette. Die mees algemene fout wat gemaak word is dat produsente die verse se ontwikkeling probeer versnel terwyl die ontwikkelingsstadie stelselmatig benader moet word. Om prestasieverse te produseer kan die ontwikkeling van die vers in duidelike fases verdeel word, elk met sy eie spesifieke doelwitte.

15

Vorgeboortelike voeding:

Die ontwikkeling van die vers begin reeds in-utero, of voor-geboortelik. Die gebied van in-utero ontwikkeling geniet baie aandag vanuit 'n voedingsoogpunt en word na verwys as "fetale programmering". In kort beteken dit eenvoudig die effek van die voeding aan die moeder op die ontwikkeling van die ongebore kalf. Hierdie effekte dra by tot die geboorte van sterk, lewenskragtige kalwers maar meer belangrik ook op hul produksiepotensiaal as volwasse diere.

Immuniteit:

Met geboorte is die belangrikste doelwit dan die oordra van passiewe immuniteit aan die kalf via kolostrum (biesmelk) aangesien daar

geen vorgeboortelike immuniteit geskied in beeste nie. Die kwaliteit en hoeveelheid kolostrum word ook reeds in laat-dragtigheid bepaal en weereens rede om na die korrekte voeding van die moeder in daardie stadium om te sien. Daar is drie belangrike aspekte van kolostrum, wat in engels saamgevat word as die drie "Q's". Die eerste hiervan is dat die kalf biesmelk betyds (Quickly) moet inneem. Die hoeveelheid (Quantity) is net so belangrik en dan natuurlik die kwaliteit (Quality) van die kolostrum. Die eerste biesmelk bevat die hoogste inhoud van immunoglobulene en hierdie inhoud neem dramaties af vanaf die eerste tot derde melklating. Net so verlaag ander belangrike voedingstowwe soos vet, proteïene en vitamien A vanaf die eerste biesmelk tot gewone melk en benadruk die

belangrikheid dat 'n sterk, lewenskragtige kalf gebore moet word wat vinnig na geboorte reeds soog.

Voorspeense ontwikkeling:

Die derde fase in die ontwikkeling van die vers is die voorspeen stadium. In hierdie stadium is die belangrikste doelwitte die ontwikkeling van 'n gesonde, funksionele rumen en om 'n vers te speen teen die toepaslike ouderdom en massa (uitgedruk as 'n persentasie van die volwasse massa, normaalweg 45-50%). Dus is dit belangrik om te fokus op die vesel, stysel, suiker en proteïen kwaliteit van die vers se voedingsprogram aangesien dit die drywers is vir rumen ontwikkeling.

Uier-ontwikkeling:

Die naspeense fase is die stadium waar produsente dikwels die fout maak om te veel energie aan die verse te voer. In die stadium is die primêre doelwit die optimale ontwikkeling van die vers en behoort haar ontwikkeling gemonitor te word. Die rede vir die stelling is dat uierontwikkeling nou geskied. Die toepaslike fokus op veselinname vir 'n konserwatiewe eerder as vinnige groeitempo en proteïen, Ca, P en spoorminerale vir raam ontwikkeling is krities. Die onderstaande foto dui die effek van voeding op uierontwikkeling aan. In die foto aan die regterkant is die oormatige vetinfiltrering van die uier duidelik wanneer die groeitempo van die verse te hoog is. Hierdie vetinfiltrering affekteer dan die vers se potensiele melkproduksie negatief en onomkeerbaar.



Gemiddelde voedingsvlakke, GDT - 700 g/d



Hoë voedingsvlakke, GDT - 1150 g/d

Puberteit en paringsouderdom:

Die volgende belangrike gebeurtenis in die vers se ontwikkeling is die stadium waarteen sy puberteit bereik. Soos reeds bespreek, is dit belangrik om haar groeitempo te kontroleer met die doelwit van optimale vrugbaarheid.

Navorsing dui ook op die voordeel om verse reeds op 'n effens vroeër ouderdom vir die eerste keer reeds dragtig te kry. Normaalweg word verse vir die eerste keer gepaar wanneer hulle tussen 60 en 65% van hul volwasse liggaamsmassa bereik. Deur die eerste paring vroeër te doen (58% van volwasse liggaamsmassa), kalf die vers vir die eerste keer op 'n ouderdom van tussen 22 tot 24 maande. Ideaal behoort die verse ook drie tot vier weke voor die koeie te kalf om hulle die nodige geleentheid te gee vir suksesvolle herbesetting.

Kalfpersentasie:

Waar reproduksietempo of kalfpersentasie in 'n kudde 'n uitdaging is, werk bogenoemde strategie uitstekend. Die grootste uitdaging om kalfpersentasie te verbeter is gewoonlik nie die volwasse koeie nie, maar die tydige herbesetting van die eerste-kalf-koeie. Die tipiese speenpersentasie van volwasse koeie is >85%, maar die van eerste-kalf-koeie is <65% en dus duidelik dat daar na hierdie groep omgesien moet word. Deur die verse met eerste kalwing drie tot vier weke voor die koeikudde te laat kalf, kry hulle as eerste-kalf-koeie 'n langer periode vir herkonsepsie.

Fokus op die vers se ontwikkeling vir lewenslange prestasie deur te let op:

- Die korrekte voedingstowwe - vermy die oorvoeding van energie in die kritiese ontwikkelingsfase;
- Die vers se ontwikkeling deur haar massa op ouderdom en kondisietelling te bestuur;
- Genetiese seleksie en die realisering van haar genetiese potensiaal deur deurdagte voedingstrategieë;

Dit bevoordeel die retensie van prestasieverse in die kudde en dus die ekonomiese sukses van die beesproduksiestelsel.